Wat preek ons: Is dit Christus alleen?

Dr.A.H.Bogaards

(Artikel in Die Kerkblad van 22 September 1999)

Christus-lose verkondiging

Dit is vir my soms 'n bekommernis watter rol Christus nog in elke aspek van ons prediking speel. Johan Cilliers se boek *Die uitwissing van God op die kansel* waarin hy aantoon dat meer as 90% van die preke wat oor 'n paar jaar oor die radio uitgesaai is, ten diepste Christus-loos was, was vir my 'n enorme skok.

Ek het nie 'n diepgaande studie van preke en oordenkings van Gereformeerde predikante gemaak nie. Tog hinder dit my in watter mate vele van die preke en oordenkings wat ek al wel gelees of gehoor het, mank gaan aan indringende Christus-verkondiging. Dikwels kry dit wat óns moet doen - óns liefde, óns dankbaarheid - die hoofklem en word daar glad nie gesê hoe (deur Christus alleen) ons lief kan wees vir mekaar nie.

'n Preek wat nie "Christus alleen" verkondig nie, is geen preek nie.

Toe Paulus in Korinthe was, het hy slegs een noot op sy snaar gehad: Christus alleen. In 1 Korintiërs 2 vers 2 skryf hy: "Want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde". Christus wat gekruisig is - dit was sy enigste tema.

Daarom het Luther ook eenmaal gesê: wie Christus nie gepreek het nie, het nie gepreek nie. Dominee, het jy laas Sondag gepreek?

Die deurlopende lyn in die werke van Hermann Friedrich Kohlbrugge was: die mens 'n nul, Christus alles. Ons kan niks doen nie. Net Hy kan ons verlos van die skuld en die mag en die gevolge van die sonde.

Ek wil 'n preek daarom kort en kragtig so definiëer: dit is 'n voortdurende heenwys na Christus alleen.

God skep én herskep deur die Woord

Toe God aan die begin geskep het, het Hy dit gedoen deur sy Woord (Joh.1:3). In sy herskeppingswerk doen Hy dit nie anders nie: Hy herskep deur sy Woord alleen. Daardie Woord is Christus.

Net God kan skep en herskep. Ons kan dit nie doen nie. Net Hy kan dooie harte lewend maak en geloof skep uit niks uit. Daarom is ons taak as predikers alleen om sy Woord, sy Christus, te bring. Sy Woord alleen is skeppingsmagtig, wat lewe uit die dood gebied.

'n Christus-lose verkondiging kom daarop neer dat ons herskeppers probeer wees. Dit is die toppunt van dwaasheid en aanmatiging.

Ook ten opsigte van ons taak as verkondigers van die Woord geld die les van Kohlbrugge: ons niks nie, Christus alleen alles. Dit wil sê: jy, dominee, kan niks doen nie. Jy kan 'n ander nie verlos nie. Jy kan jou lidmate nie die geloof gee nie. Los dit dan in die hande van Christus deur Christus alleen te preek.

Die rede waarom daar geen lewe in die kerk is nie

Predikante is soms verbaas daaroor dat hulle preke so min effek het. Sommige voel selfs: Dit help nie om mense te bepreek nie. Ons sal na ander metodes moet kyk om nuwe lewe in die kerk in te blaas, word gedink.

Tog sal ons onsself moet afvra: Lê die diepste oorsaak van die doodsheid in die kerk nie miskien juis in die feit dat ons Hom wat die lewe is (Joh.14:6), nie meer verkondig of nie genoegsaam verkondig nie? Is ons prediking nog 'n oproep om te kom na die lewende Steen wat aan die ander stene lewe gee (1 Pet.2:4-5)?

Christus-prediking en vraag 1 van die Kategismus

Ons het die mooiste belydenis wat daar is.

Dit is waar dat antwoord een voluit trinitaries (dit handel oor God Drie-enig) is: dit gaan oor die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Die antwoord is ook voluit Christologies. Dit bely wat Christus doen. Let maar op die sentrale plek wat Christus in die antwoord inneem:

* Hy (Christus) het met sy bloed vir my betaal en my gekoop;

* Hy (Christus) bewaar my so dat sonder die wil van die Vader geen haar van my hoof kan val nie; en

* Hy (Christus) verseker my deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.

Sonder Christus sou ons geen Vader gehad het nie en sou ons die Heilige Gees nie ontvang het nie.

Antwoord een is 'n mens-lose belydenis. Ek bedoel maar: daar staan niks in van wat ons moet doen nie. Inteendeel, dit is 'n Christus-volle belydenis: dit is tot oorlopens toe vol van wat Hy gedoen het en nog doen.

Die drie dele van die verbond: Christus, Christus, Christus

Basies kom daar drie dinge in die Woord (en dus in die prediking) ter sprake: belofte, bevel en bedreiging. Iemand noem dit die drie B's van die verbond. Ons kan ook praat van belofte, eis en straf. Hierdie drie het alles met Christus te make.

* Eerstens belowe God iets aan ons.

Hy beloof byvoorbeeld vergifnis, om ons Vader te wees en sy Heilige Gees aan ons te skenk. Steeds egter het hierdie beloftes alles met Christus te make: deur sy bloed het ons vergifnis, danksy Hom het ons weer 'n Vader en Hy het die Heilige Gees vir ons verwerf.

Ons moet voorts sê: deur die geloof in Christus kan ons heerlike sekerheid hê aangaande al God se beloftes. Kyk ons na onsself, ons eie sondigheid, kom daar 'n vreeslike twyfel in ons hart op: kan ek daarop reken dat ek God se beloftes sal ontvang? En inderdaad, in onsself het ons alles verbeur en verdien ons geen enkele belofte van God nie. Deur die geloof egter vestig ons ons blik op die volmaakte offer van die Lam: in Christus is al God se beloftes ja en amen, vas en seker.

* In die tweede plek eis God ook iets van ons: geloof en bekering.

En weereens het dit alles met Christus te make. Deur sy Heilige Gees skenk Christus ons die geloof. Dit wil sê: deur sy Gees verbind Hy ons aan Hom. Deur die Heilige Gees plant Christus ons in in die vrugbare grond van Golgota en daar is geen vrugbaarder grond as dit nie. Deur die bloed van Christus, deur sy oorwinning aan die kruis, dra ons vrugte wat by die bekering pas.

Kohlbrugge sê: op Golgota is ek bekeer. En hoe waar is dit nie. Want op Golgota is ons ou mens, ons ou natuur wat onder die heerskappy van die sonde staan, gedood.

Daarom, 'n bekeringsprediking wat nie eers lei na die kruis nie en vandaar en daardeur oproep tot bekering nie, is Fariseïsme. Dit is 'n verkondiging wat die mens op homself terugwerp.

Maar ek wil onder hierdie punt van God se eise nog iets noem: God eis van ons heiligmaking (volmaakte vervulling van sy eise). Die Here is nie tevrede met maar net 80 of 90 persent nie. Hy vra 100 persent. Daartoe is nie een van ons instaat nie. Maar daarom moet ons ook aan ons

lidmate leer dat Christus nie alleen vir ons wysheid uit God en geregtigheid geword het nie, maar ook heiligmaking (1 Kor.1:30). Dit is die absolute wonder van die evangelie: Christus se gehoorsaamheid word my toegereken en geskenk.

Christus-prediking is 'n bevrydende prediking: dit bevry ons van alle krampagtigheid en elke poging om self ons heil uit te werk. Dit is ook so heerlik troosryk, want in Christus lê die geheim en die antwoord hoe ek verlos kan word van al my onreinheid en die verskriklike mag van die sonde in my lewe.

* In die derde instansie is daar die straf van die verbond.

Ons kan van gerigsprediking 'n vreeslike karikatuur maak. Hel-en-verdoemenis-preke word dit soms genoem. Oordeelsprediking wat in die Bybel gegrond is, noem ek egter Christus-prediking. Die bedoeling daarvan is immers om ons na Christus te dryf. Oordeelsprediking wil ons nie die angs op die lyf jaag nie. Dit wil ons nie tot radeloosheid dryf nie, maar dit wil 'n alarmsinjaal wees: vlug na Hom wat God se gerig gedra het vir elkeen wat in Hom glo.

Calvyn sê op 'n plek: God trek ons en Hy dryf ons. Ek verklaar dit maar 'n bietjie in my eie woorde: met sy heerlike beloftes lok en trek God ons na Hom toe; met sy oordeel dryf Hy ons na Hom toe.

'n Prediking wat God verheerlik en die mens verneder

Christus-prediking is 'n prediking wat God ten hoogste verheerlik, want dit erken: ons heil is slegs God se werk in sy Seun.

Dit is ook 'n prediking wat die mens ten diepste verneder, want dit leer: sonder God kan ons niks doen nie. Dit is 'n verkondiging wat nie na die mens is nie (Gal.1:11) en daarom ook weerstand sal oproep.